

Bruilofslied vir die Koning

Psalm 45 is 'n bruilofslied vir 'n koning. Ons weet nie wie die koning of die bruid is nie. Gewoonlik word die skoonheid en kleredrag van die bruid eerste opgemerk, maar hierdie lied besing die bruidegom en alles draai om hom.

Van verse 3-10 word die koning geteken. Hy is mooier as alle mense en hy is so vriendelik. Sy koninklike kleredrag word met welriekende geurmiddels besprinkel, terwyl pragtige prinsesse hom omring en in sy paleis weerklink gedurig net die pragtigste musiek (vs 9-10). Tog is hy nie 'n koning wat net met alle waardigheid op die troon sit en niks met die land se regering of oorlogvoering te doen het nie. Hy is ook 'n gepantserde held wat nie huiwer om sy swaard uit te trek en vir oorlog gereed te maak nie (vs 4, OAV). Hy span ook die boog en sy pyle deurboor die harte van sy vyande (vs 6). Hy stry op alle terreine vir waarheid, ootmoed en geregtigheid (vs 5, OAV). Hy het dus 'n oog vir die armes in hulle nood.

Verder is sy koningskap nie van menslike instansies verkry nie. God het hom self in die hoë amp aangestel (vs 8). Die koning word selfs as God aangespreek (vs 7 en 8, OAV). Die woord "God" kan ook die betekenis van 'n magtige of verhewe wese hê (vgl. die NAV), maar dit is moeilik om ná die beskrywing van die koninklike majesteit aan 'n mens te dink. Die skrywer van die Hebreërbrief het in sy eerste hoofstuk hierdie Psalm aangehaal en dit toegepas op Christus. Die digter uit die koningskoor van die Koragiete het baie meer gesê as wat hy bedoel het. Hy wou sy koning in hiperboliese taal vereer, maar die Heilige Gees het hom van Christus laat sing.

Die heidense meisie uit Tirus word as bruid geroep. Sy moet haar volk vergeet, want die koning het haar verkies en tooi haar in loutere prag (vs 13-15). So kies God ons uit alle volke en geslagte en hierdie gunsbewys bring vreugde in die hemelse pragpaleis.

Hoor jy ook die hemelse roepstem?

Sing: Psalm 45:1, 9 (Totius)

Prof FN Lion-Cachet (Emeritus)